

## **Desember 2011**

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Dit is nou nege jaar gelede wat ek die eerste Pretoria Brief geskryf het. Dit is 'n baie lang tyd en ek kan my nie meer 'n lewe sonder ou Pretoria voorstel nie, maar een of ander tyd moet ek "aftree" en weer tyd kry om sommer net in die son te sit. Hopenlik kan ek nog 'n jaar lank aanhou en dit 'n ronde tien jaar maak.

Ek het 'n baie interessante beskrywing in 'n ou koerant geles van die sogenaamde **NZASM-huis** wat op die noord westelike hoek van Mark- en Maréstrate [vandag Paul Kruger- en Jacob Maréstrate] gestaan het. Net 'n blote beskrywing van 'n gebou is vir my maar baie oninteressant. Daarom het ek 'n bietjie meer agtergrond oor die gebou en die mense wat daarin gewoon het gaan soek.

### **NZASM**

Die NZASM het ontstaan uit die strewe van die ZAR na 'n eie verbinding met 'n nie-Britse seehawer ter wille van kontak met die buiteland. Die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij [NZASM] is op 21 Junie in Amsterdam gestig. Die nie-amptelike afkorting van hierdie naam is ZASM, maar die korrekte afkorting is NZASM (spreek uit: enzassem) en verdien die voorkeur [Pr-86, p28].

Tydens die ontwikkeling van die Witwatersrand het Transvaal nog nie oor 'n moderne infrastruktuur beskik nie. Dit het al spoedig duidelik geword dat die stadige vervoer per ossewa nie aan die toenemende eise van die groeiende aantal goudmyne en nuwe myndorpe kon voldoen nie. Die myne het ondermeer 'n groot behoefte aan steenkool vir die aandryf van hul masjiene en ander installasies gehad. Kort na 1886 – die ontdekking van gouderts aan die Rand – is steenkool by die latere dorp Boksburg gevind, maar die groot vraag was hoe om hierdie energiebron goedkoop, vinnig en doelmatig na die myne te vervoer [Pr-93, p3].

Daarom het die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek [ZAR] in 1888 besluit om 'n konsessie vir die aanlê en eksplorasie [bedryf] van die sogenaamde "Randtrem" tussen Boksburg en Johannesburg in te stel. Op 20 Julie 1888 is die konsessie aan die NZASM toegestaan en is 'n kontrak tussen die ZAR-regering en die Maatschappij gesluit [Pr-92, p6].

Daarna het verskeie ander kontrakte gevolg en die aanleg en bedryf van amper alle spoorweë in Transvaal voor 1900 was in die hande van hierdie maatskappy. Die maatskappy was verantwoordelik vir die bou van verskillende geboue in Pretoria en ook in die res van die Transvaal. NZASM-huis is een van hierdie geboue en is opgerig as woonhuis en kantoor vir die besturende direkteur G.A.A. Middelberg.

### **Gerrit Adriaan Arnold Middelberg**

Middelberg is gebore op 26 [21?] Junie 1846 in Boskoop, Zuid-Holland en oorlede op 6 Maart 1916 in Loenersloof [Loenersloot], Utrecht. Hy was 'n spoorweginjener wat in Zürich (1863-1864) aan die Politegniese Skool te Hannover (1868) opgelei is. Hy werk in Pruise en Engeland, en by die

Nederlandse spoorweë in België, en word in 1873 hoofingenieur by die Hollandse Ijzeren Spoorwegmaatskappy, 'n pos wat hy tot 1889 beklee. Vervolgens word hy mededirekteur van die NZASM (1890) en na 'n paar werkbeseke in 1894 vestig hy hom met sy gesin in Pretoria tot 1899. Hy trou met Leopoldina Hallman; hulle het ses kinders gehad. Ingenieur Middelberg tree in 1898 af nadat die NZASM tot bloei gebring is [Dej-02, p272; Plo-02, p93].

Sy huis word bekend omrede sy gasvryheid en die musiekaande wat daar gehou is. Hy toon insig in die ingewikkelde politieke probleme van die land en werk nou saam met die regering waar hy President Kruger en die Uitvoerende Raad adviseer. Hy gaan in 1898 met pensioen en verlaat Pretoria in 1899. Hy word opgevolg deur jhr. Kretschmar van Veen [Dej-02, p272].



Mnr. en Mev. G.A.A. Middelberg [The-02, p166]

In 1898 en 1899 is G.A.A.Middelberg lid van die kommissie in beheer van die Volkshospitaal in Pretoria en ook een van die kuratore van die Staasgimnasium wat deur die staat aangestel is. Hy tree vanaf 1897 tot 1899 op as voorsitter van die Nederlandse Vereniging in Pretoria. Hy is ook een van die kuratore van die mynskool wat in 1896 gestig is [Dej-02, p251; Dej-01, p233; Sta-02; Sta-03].

In 1904 is hy onder diegene wat die stoflike oorskot van President Kruger van Nederland na Suid-Afrika begelei. Van 1899-1911 was hy voorsitter van die N.Z.A.V. in Amsterdam [Plo-02, p93].

Die Stadsraad van Pretoria het die naam Bergstraat in Sunnyside verander na Middelbergstraat na 'n aanbeveling deur die Stadsraad se straatnamekomitee in 1967 [Pr-89, p64].

Ons leer hom intiem ken uit die talryke briewe wat hy uit Pretoria na sy familie in Nederland gestuur het. Die briewe gee insig in die karakter van Middelberg en sy huisgenote, en die lewe van 'n deftige Nederlandse gesin in Pretoria in 1890-1899. Hulle gee somtyds 'n blik agter die skerms van die hoë politiek. Die leser sien Middelberg as spoorwegbestuurder, gesinsvader, gasheer op talle musiekaande en ontvangste in sy gasvrye, druk besoekte huis. Die briewe is gepubliseer in die Hertzog-anale van Julie 1953 [Pr-89, p64-67].

### **NZASM-huis**

Daar bestaan onduidelikheid oor die begin-geskiedenis van hierdie huis. Volgens De Volksstem is dit definitief in 1889 voltooi en bestem as woonhuis vir die hoofingenieur van die NZASM. Die argitek was Klaas van Rijsse [jnr.] en die bouaannemer was W.A. de Rapper. As die inligting oor Middelberg korrek is het hy hom eers in 1894 permanent in Pretoria gevestig. Wie voor hom in die huis gewoon het is nie bekend nie.



Die NZASM-huis van G.G.A. Middelberg

Die volgende beskrywing van die huis kom uit De Volksstem van Maandag 24 Junie 1889:

Wij waren in de gelegenheid een kijkje te nemen in het nieuwe gebouw, dat de Nederlandsch Spoorwegmaatschappij heeft doen zetten op den hoek van de Mark- en Marestraten, als woning voor den hoofdingenieur. De architect, die de plannen van het huis ontwerp, was de heer K. van Rijsse Jr., en de aannemer, de heer W.A. de Rapper, beide van Pretoria. Het uitwendige van het gebouw in oogenschouw te worde, het keurig uitgevoerde pleisterwerk. Als een mooi stuk timmerwerk moet de veranda word geprezen, ook het dakhek op den dak is keurig gesmeed. In een woord sowel de details als de verbouinge van het geheel doen ontwerper en uitvoerder der plannen eer aan. Her huis binnentredende, komt men allereerst in een trapportaal-vestibule, omringd door de verskillende kamers. Het huis bevat op sijn twee verdieppings twaalf kamers, groot en klein. Het binnewerk van die kamers laat niets te wense over. Vooral de betimmering van de ontvangskamer is seer net, daartoe brengt een in renaissance-stijl opgetrokken schoorsteen-betimmering veel bij, dese kamer is de enige, die met een gestukeerd plafon voorsien is. Ter sijde van het hoofdgebouw bevinde sich stal, koetshuis, woning voor dienspersoneel ens. Het geheel werk dat bijna een jaar geduurt heeft, kostte ongeveer £6,000. Wij wenschen de bij den bouw betrokken partijen geluk met den afloop van dit werk en hopen, dat nog vele dergelijke gebouwen in de toekomst het hunne zullen bijdragen tot versiering van ons dorp.



L.R. Middelberg het in 1958 die volgende oor die huis vertel:  
[Gepubliseer in Pr-26, p25-29]

Hoe interessant hierdie ou gebou werklik is, het ons onlangs eers beseft toe ons besoek gehad het van mnr. L. R. Middelberg, een van die oorspronklike bewoners daarvan. Toe het ons ons vir 'n paar aangename ure weer terug bevind in die ou dae, die romantiese Republikeinse jare, en sommer meer respek gekry vir die huis, waar die Staatspresident, S. J. P. Kruger, heelwat op besoek gekom het.

In 1888 het die ou Nederlandsch Zuid-Afrikaanse Spoorweg Maatskappy onder leiding van 'n Direkteur, Ingenieur G.A.A. Middelberg, vader van mnr. L.R. Middelberg, begin om 'n spoorlyn te lê vanaf die grens van Portugees-Oos Afrika na Pretoria, wat toe op 1 Januarie 1895 in gebruik geneem is. Intussen is begin om in Pretoria 'n ampshuis, waarin ook kantore sou wees, te bou vir die Direkteur. Hierdie huis, die Z.A.S.M.-huis, is in begin 1894 voltooi en die kantoor is op 1 Februarie van die jaar gevestig, terwyl mnr. Middelberg sy gesin uit Nederland laat kom het, wie hulle toe in Junie in die huis gevestig het. Mnr. en mev. Middelberg en drie van hulle kinders, waarvan mnr. L.R. Middelberg, wat ons besoek het, die jongste was, het toe hulle intrek in die huis geneem, en, soos mnr. Middelberg ons vertel het, het dit een van die geselligste woonhuise van Pretoria geword. Daar was altyd 'n deurloop van gaste in die huis en veral het mense wat van Nederland af gekom het, gewoonlik eers vir 'n rukkie daar gewoon. [Volgens De Volksstem is die huis reeds in 1889 voltooi en nie in 1894 nie.]



Die huis kort voordat dit afgebreek is

Soos hy deur die kamers van die huis gewandel het, het mnr. Middelberg die ou herinneringe teruggeroep van gebeurtenisse wat hy daar meegemaak het, en kon hy talle van interessante staaltjies vertel. Op een geleentheid, het hy ook vertel, sou die Z.A.S.M. 'n mooi salonrytuig aan president Kruger aanbied.

'n Spesiale funksie is toe gereël vir die oorhandiging van die rytuig, wat vandag nog by die Krugermuseum in Pretoria te sien is. Op die dag voor die oorhandiging toe die ou mnr. Middelberg, die Direkteur, sy middagslapie geniet, klop daar iemand by die voordeur aan, en toe stap niemand minder dan die President self, onaangemeld, die huis binne. Hy sê toe dat hy nie meer sy nuuskierigheid kon bedwing om die "ou waentjie" te sien nie, en net gou vooraf wou kom kyk hoe hy lyk. Dit, het mnr. Middelberg vertel, was nie so 'n ongewone gebeurtenis nie. Die President was goed bevriend met sy vader, en het ook 'n baie hoë dunk van hom gehad, en, soos uit die argiefstukke van staatsekretaris Leyds geblyk het, wou hy hom later, as die oorlog nie tussenby getree het nie, aanstel as Staatsfinansier.

Mnr. Middelberg het nog goed onthou hoe die huis bewoon was en kon selfs dadelik sien waar die gebou in later jare effens verander is. Die noordelike voorkamer was byvoorbeeld die ontvangskamer terwyl die groot suidelike voorkamer die kantoor van die klerke was, en daarnaas die kantoor van sy vader. Bo het hulle almal hulle slaapkamers gehad. Van die stoep het hulle voorheen kon uitkyk op Meintjieskop, wat vandag onmoontlik is weens die baie hoe geboue tussenin. Oorkant hulle was net die huis van wyle Eddie Bourke, wat tot onlangs nog die landbouafdeling van ons Departement gehuisves het, en verder was daar in die omgewing nog maar min gebou.

In 1899 is die ouers van mnr. Middelberg terug na Nederland, waar mnr. Middelberg toe 'n kommissaris van die Maatskappy geword het. Die plan was toe dat hy later sou terugkom om in die diens van die Republiek te kom, wat hy baie graag wou, aangesien hy 'n baie hoë bewondering vir president Kruger gehad het.

Die jong mnr. Middelberg het toe agtergebly om sy skoolloopbaan by die Staatsgimnasium te voltooi. Hy het toe in die Z.A.S.M.-huis bly woon by die gesin van Jonkheer J. van Kretschmar van Veen, sy vader se opvolger. Hierna het hy in 1900 vir 'n tyd lank as lid van die Hollander Korps deelgeneem aan die oorlog, waarna hy terug is na Nederland. Sy belangstelling en liefde vir die jong land het groot gebly en hy was later vir 15 jaar lank Voorsitter van die Nederland-Zuid-Afrika Vereniging. In 1949 was hy met die onthulling van die Voortrekker-monument dan ook een van die vier rapportryers wat uit Nederland gekom bet. Met sy aftrede uit die Koloniale diens het mnr. Middelberg toe in 1951 na Suid-Afrika ge-imigreer om hom in Pretoria te vestig. Na die Driejarige Oorlog is die Spoorwegmaatskappy uit die gebou uitgesit, en is dit betrek deur die leër, wat vir baie jare daar gevestig was.

[Ek bepaal my net by die geskiedenis van Pretoria voor 1900. Indien u meer oor die latere geskiedenis van die ou gebou wil lees raadpleeg Pretoriana nr. 26, p. 25-27.]

#### Musiekaande by die familie Middelberg in die NZASM-Huis in Pretoria

In die *Hertzog-Annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, Tweede Jaargang, Eerste Aflewering, Julie 1953, vind ons die besonder lesenswaardige *Briewe uit Transvaal van G. A. A. Middelberg (1896-1899)*, ingelei en toegelig deur dr. F. J. du T. Spies. Hier is 'n uittreksel uit die briewe wat dr. Herman Rex saamgestel het en wat in Pretoriana nr. 26, p29-35 gepubliseer is.

In sy inleiding verduidelik dr. Spies hoedat dit die gewoonte was van mnr. Middelberg, die voormalige direkteur van die N.Z.A.S.M., om elke Sondagoggend briewe aan sy familieleden in Europa te skryf. In die briewe kom daar talryke verwysings voor na die bekende Z.A.S.M.-huis, op die hoek van Markt- (tans Paul Krugerstraat) en Jacob Maréstraat, waar die Middelberg-gesin in die loop van 1894 hulle intrek geneem het. "Sy briewe," skrywe dr. Spies, "gee 'n intieme kyk in die familieleden van die huis Middelberg; in die eerste plek van die huismoeder, meer sosiaal van geaardheid as haar eggenoot, in haar talryke daaglikse, huislike en ander pligte ... Sy het van haar huis 'n musieksentrum gemaak, waar elke Saterdagmiddag die beste gehoor is wat Pretoria op die gebied kon oplewer. Reisende musici het daar dikwels 'n heenkome gevind." Aangesien die musiekaand aan die huis van die Middelbergs 'n besondere kenmerk was van die kulturele lewe in Pretoria teen die einde van die Republikeinse Bewind, word die verwysings daarna in die briewe hier in 'n artikel byeen versamel, waardeur ons 'n beter geheelbeeld van die destydse musiekbedrywigheid in die Z.A.S.M.-huis kan vorm.

**Zondag 3 Mei 1896.** We hebben dan Donderdags onzen regelmatigigen muziekavond. Tegen het souper om zeven uur komen een groot getal mooi aangekleede dames de intiemeren bij ons aanzitten. Na het souper komen nog meer mooi aangekleede dames met mannen en er komen ook mannen alleen. Twee muziekmeesters, een voor leiding en een voor accompagnement en ook eens te spelen. Alle kamers verliet. De Heeren in mijn kamer wereldverbeteringen te maken, en de dames zingen en oefenen kwartetten, Ma vooraan en Annewim (Anna Wilhelmina Middelberg, die enigste dogter in die familie) met groote ijver en helder luid klinkende stem.

**Zondag 25 Junie 1897.** Groote plannen worden gesmeed. We zullen een opendeur-avond Zaterdagmiddag beginnen waarvoor regelmatig een viool-piano artist aangenomen is. Dat, met de Zondagsche lunch, zal onze bijdrage zijn tot gezellig verkeer. Diner's worden afgeslagen en niet gegeven. De evolutie in de Engelsch sprekende wereld is gelukkig diner-afkeerig en wij volgen maar al te gaarne. Buitendien is onze omgang bijna uitsluitend met menschen voor wie dinner's maar lastig zijn. Onze positie is nu zoo geconsolideerd dat we niet meer toenadering tot offisieële vreemde kringen of grootheden behoeven te koesteren.

**Zondag 15 Augustus 1897.** Gisteren de eerste muziekavond bij ons. Nogmaar een paar genodigden en Ma afwezig, die zich wat zwak gevoelde. Daar kwam in onze, met 112 kaarssterkten electricch verlichte kamer de violoncel ingedragen en twee violen. En 't begon. Aanwezig de violistpianist ten Brink (musiekonderwyser te Pretoria), artist, Dr. Breyer (Dr. H. G. Breyer, onderwyser aan die Staatsgimnasium en sedert Februarie 1897 Waarnemende Direkteur van die Mynskool), cellist en de Heer Fockens (W. J. Fockens was Sekretaris van die Volksraad) met vrouw. Daarbij de zoo nu en dan "o!" gillende Nine (Doyer, onderwyseres aan die Staatsmeisieskool), Annewim en ik. Een trio, Sonate van Beethoven, werd allerslechts gespeeld, een jammer voor menschenzielen. Maar toen werd het beter en we geraakten opgewekt. Toen de dames al weg waren, gingen de heeren nog naar mijn kamer om een orgelstuk te hooren door ten Brink gespeeld. Om elf was het huis donker. 't Kan wat worden, 't is mooi in mooie kamers mooie muziek te hooren – maar de geest dient er bij te zijn. Ma wil stumperds laten bijdragen tot het genot, en we weten wat dit is, en ik wil

alleen artisten, al is het er maar één, hooren. Hier zal weer te transigeeren (gee en neem) zijn.

**Zondag 19 September 1897.** Nog klinkt de muziek van gisteren avond in onze ooren, piano en orgel, want er kwam geen begeleider van de viool opdagen. Ik was wel wat moede en verdroogd door een dag vol zon en stof in Johannesburg ... Ik was dan stoffig te huis gekomen en vond de brieven uit Europa, las de bekende schrijffiguren en nam de beelden in me op toen de muziek begon en aandachtig werd aangehoord door de scherp verlichte toehoorders. Ja dat is wel het eenige wichtige, vertelbare feit van de week, anders gingen de dagen en kwamen de avonden en werden we gewekt door heldere zonnestrallen vroeg in den ochtend.

**Zondag 26 September 1897.** Daar heeft dan zoeven het middeneeuwsche kerkkoraal door het huis geklonken clat de slapenden wakker gemaakt heeft. 't Was gisteren avond een mooie salon bij ons. Nieuwe sympathieke gezichten, Mevr. Nieuwenhuys voor het eers na haar ziekte. Dr. Leyds speelde mooi als een volleerd artist de vioolpartij in een Mendelsohns trio. We had den een mystiek noorse sonate van Grieg op viool en piano en een Benedictus van McKenzie evenzoo. 't Was een mooi geheel en om elf slieden we kalm in. Wat een herinnering vol licht en kleuren en toonen voor later dagen wanneer dit alles voorbij gegaan zal zijn, om plaats te maken voor nieuwe beelden en nieuwe vormen met nieuwe menschen, of zonder menschen in nieuwe omgevingen.

**Zondag 3 October 1897.** Gisteren avond was de muziek uitvoering bijzonder mooi nu het strijkkwartet compleet was en twee beroepskunstenaars telde. 't Waren volle kamers, warm maar erg mooi.

**Zondag 12 December 1897.** Dinsdag concert, de Atalia van Mendelsohn. Annewim had de sopraan solo. Een vol theater, alle menschen in rok en mooiste baatje, wij in een prosceniumloge, een echt huiselijk feest in de goede beteekenis. Het kind zong goed, had zeker de beste school van de drie solisten en 'n geheel was mooi en werkelijk edel genot gevend. Den volgenden avond dan een huwelijksfeestje voor onze loge's van Goor. (Kees van Goor was 'n amptenaar van die N.Z.A.S.M. op Waterval-Boven. Sy vrou het uit Nederland gekom.) Daar kwamen tal van Zasm met hul egades en we gaven tableaux vivants, zelf bedacht en Annewim zong met van Loenen Martinet (amptenaar van die N.Z.A.S.M.), dat bekende duet, die twee oudjes die zich hun trouwen in de herinnering terug roepen. Het duurde tot een uur ...

**Zondag 13 Maart 1898.** 't Was gisteren avond een uitgezochte muziekaavond. Eerst tegen twaalf uur lagen we te rusten. Het regende dat het goot en zoo waren de kamers maar losjes vol en was er geen gebrek aan stoelen. Dr. Leyds speelde viool en twee beroepskunstenaars violencel en piano, en ze gaven een nieuw lang russisch toonwerk, wonderbaar mooi en daarna nog meer en meer. Ze hadden er lang voor gestudeerd en de eerste uitvoering was in onze zalen. 't Zal toch jammer zijn wanneer die tijden als een droom achter ons liggen.\*\*\*!!!

**Zondag 3 April 1898.** 't Zijn roezige dagen en vrije tijd hebben we niet. Nog slapen de menschen na de schitterende avond gisteren. De Volksstem had medegedeeld dat de vrienden van Mev. de Waal (eggenote van die Nederlandse konsul in Kaapstad, wat by die Middelbergs in Pretoria op

besoek was), verwacht werden op de gewone Zaterdagavond receptie bij de familie Middelberg. En daar stroomde het. Zestig mensen verdrongen zich in de zalen waar het groote Trio van den Rus door dr. Leyds, Reepmaker en ten Brink gespeeld werd. Mevrouw de Waal als koningin ... glimlachte tegen al die prachtig aangedane menscheid.

**Zondag 18 September 1898.** Daar komt ene Engelsche pianiste met aanbeveling uit Johannesburg om het terrein hier te verkennen. Daar zat de goede jonge vrouw en de goede moeder begint te organiseeren. Gisteren avond was dan het debuut in ons huis, na vele voorbereidingen en samenspel en met den violist. De keur der Engelsche en Afrikaander muziekvrienden was genoodigd, van den dekaan van de bisschoppelijke kerk en den presbiteriaansche predikant, tot een gewoon krantenmensch. Daar komt werkelyk gisteren de eerste regen na de maandenlange winterdroogte en tot overmaat van ramp gaat de electriesche straatverlichting uit en is het pik donker. Onze twee groote kamers zijn daardoor maar zoo bezet dat de menschen met de elbogen zich niet behoeven te stooten. Zenuwachtig maar erg mooi speelde de half aan gekleede maar met vele kanten behangen Engelsche strijderes voor haar toekomst. Ze slaap nunog rustig boven.

### **Bibliografie**

- Dej-02 De Jong, Robert Cornelis. 1980. **Kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders.** Verhandeling: Universiteit van Pretoria.
- Lug-01 Lugtenburg, A.H. 1925. **Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek [1836-1900].** Pretoria: J.L. van Schaik.
- Plo-02 Ploeger, Jan. 1994. **Nederlanders in Transvaal [1850-1950].** Pretoria: J.L. van Schaik.
- Pr-26 Moning, H.O. 1958. **'n Belangrike Historiese Gebou: Die Z.A.S.M.-Huis.** Pretoriana, Nommer 27&28, April – Augustus.
- Pr-86 De Jong, C. 1984. **Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria (1).** Pretoriana, Nommer 86, Desember.
- Pr-89 De Jong, C. 1986. **Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria (4): Gerrit Adriaan Arnold Middelberg.** Pretoriana, Nommer 89, April.
- Pr-92 De Jong, Robert C. 1987. **Beknopte geskiedenis van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatskappij (1).** Pretoriana, Nommer 92, November.
- Pr-93 De Jong, Robert C. 1988. **Beknopte geskiedenis van die Nederlandsche Spoorweg-Maatskappij (3).** Pretoriana, Nommer 93, April.
- Sta-02 Kuipers, H. & De Bruyn Prince, H.C. 1898. **Staats-Almanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1899.** Pretoria: Staatsdrukkerij.
- Sta-03 Kuipers, H. & De Bruyn Prince, H.C. 1899. **Staats-Almanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1899.** Pretoria: Staatsdrukkerij.
- The-02 Theron, Bridget. 2000. **Pretoria at War.** Pretoria: Protea Boekhuis.

---

### **Die volgende van Peter Wood**

Die brief was baie interessant – ek het nie geweet dat een van Vincent van Gogh se broers in Suid-Afrika was nie – en dat 'n paar van Van Gogh se werke blykbaar hier verlore geraak het nie.

Wat Thomas Baines betref – hy het wel dagboek gehou en het geskryf oor sy besoek aan Pretoria; ek het die stuk jare terug gelees. Ek dink dit is in sy



boek "The gold regions of South Eastern Africa", wat in 1877 verskyn het. Ek het ongelukkig nie die boek nie en kan dus nie die titel bevestig nie.

In elk geval, Baines was blykbaar voor Januarie 1872 in Pretoria, want hy beskryf hoe 'n klomp kwaaijongens 'n kanon gegryp het op oujaarsaand. (Die kanon was moontlik die een wat voor President Burgers se huis gestaan het.) Die kwaaijongens het die kanon vol kruit gegooi en het die kanon afgevuur op middernag om die nuwejaar te vier.

Iets anders wat Baines genoem het in sy stuk oor Pretoria is dat hy op 'n "Sundew" – familie Drosera – afgekom het êrens in die Magaliesberge. Baines het soortgelyke insek-vretende plante gesien in die Kaap.

Ek het altyd gewonder waar drosera-plante kon voorgekom het naby Pretoria; die plante hou van klam grond naby water.

Die Lys-gesin waarna u verwys (ook in Pretoriabrief, Oktober 2010) was betrek met die ontdekking van goud. Die pa, John Robert Lys het vertel dat hy in 1867 goud ontdek het tussen Pretoria en Heidelberg, by "Lysvlei". Lysvlei was glo naby die huidige Witfield-gebied in Boksburg. John Robert Lys is oorlede in 1880, maar sy seun Godfray (sigbaar in die een skildery van Thomas Baines) het altyd onthou wat sy pa vir hom vertel het. Toe die Struben-broers in 1884 goud ontdek het by die "Confidence Reef" by Wilgespruit, was die Strubens ook bewus dat goud heel moontlik ook op die Oosrand teenwoordig kon wees – Fred Struben was Godfray Lys se oom.

In 1886, na George Harrison goud by Langlaagte ontdek het, het die Struben-broers en Godfray Lys ook begin delg by "Lysvlei" op die plaas Driefontein. Godfray Lys het hier op 'n goudrif afgekom. Die Strubens het hulle ontdekking in 1886 verkoop aan William Knight van Kimberley. Knight het toe 'n maatskappy gestig – Witwatersrand Gold Mining Company – om die goud van "Lysvlei" na die oppervlakte te bring. Hierdie myn was een van die eerste myne aan die Oosrand - dit is eerder bekend as "Knight's".

Bronne: Mathers, Edward P. 1887. **The goldfields re-visited**. Durban: Davis & Sons.  
Cunningham, Anna. 1987. **The Strubens and gold**. Ad. Jonker.

-----  
Groete tot volgende maand,  
Rosa Swanepoel